## 8 Junie - JAKOB

**Skrifgedeelte: Genesis 35:1-7**
**Fokusgedeelte: Genesis 35:7**

Ons ken Jakob uit die geskiedenis: altyd gereed met 'n plan, onder andere om die eersgeboortereg te koop én die eersgeborene se seën te bekom. Die hakskeengryper van geboorte wou God aangryp deur wat hý doen. Hy wou in beheer wees van sy lot. Tog is hy die uitverkorene van God. Maar Jakob leer: nie uit eie krag kan hy God aangryp nie, maar deur die beskikking van God word hy deur God aangegryp, sodat hy uiteindelik kan bely: *El-Bet-El*.

*Bet-El*, huis van God, soos vroeër deur Jakob vernoem, word nou *El-Bet-El*, die God van die huis van God. Nie meer *Bet-El* as eindpunt nie, maar *Bet-El* as beginpunt om by *El-Bet-El* uit te kom.

Watter kragtige belydenis moet dit nie ook in ons lewens wees nie: Juis óns swakheid toon dat dit nie oor onsself gaan nie, maar oor God wat in ons lewens meer moet word.

Ons kan vandag saam met Paulus ervaar: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Vandag kan ons ook, in die lig van die vervulling van God se beloftes in Christus, by El-Bet-El uitkom. Die weg na die Vader is deur Christus se kruisdood gebaan; deur Christus heen na El-Bet-El.

Ons word opgeroep as gemeentes, as kerk en as verbondsvolk van God om God te bely as die enige God, die God van die huis van God, die God wat ons vasgryp in sy groot genade en wat getrou bly aan sy liefde wat Hy deur Christus aan ons betoon het.

Waaroor gaan dit primêr in die kerk van die Here vandag? En waaroor gaan dit primêr in jou lewe vandag? Ons het niks om mee tevrede te wees as die doel van alles nie die God van die huis van God is nie!

*Sing: Psalm 84:1, 6 (1936-beryming)* *Dr SP van der Walt (Benoni)*